

Laat ons....

Heb 10:19-25

18 September 2022

1. Heb 10:19 begin die meer praktiese gedeelte van die Hebreërboek
2. Samevatting van sekere leerstellige waarhede (Heb 10:19-21)
 - a. “Boers, ons het dus...” – wat volg, vloei voort uit voorafgaande lering
 - b. Essensie van argument: Ons het vrymoedigheid om in heiligdom in te gaan (v19, vgl Heb 8-9)
 - c. OT hoëpriesters kon nie toegang vir priesters tot Allerheiligste bewerk nie, Jesus het wel vir NT priesters toegang bewerk (gelowiges)
 - d. Kan met vrymoedigheid ingaan – deur die bloed van die volmaakte offer van Jesus
 - e. Langs nuwe lewende weg deur voorhangsel tot in Allerheiligste (v20)
 - i. Simboliek van OT tabernakel is weg van verlossing (kamp = uitverkiesing, voorhof = regverdigmaking, Heilige = heiligmaking, Allerheiligste = heerlikmaking)
 - ii. Jesus is die weg (vgl Joh 14:6)
 - iii. Nuwe weg – want dit was nie oop in Sinaiverbond nie
 - iv. Lewende weg – want Jesus lewe, dit is die weg na die lewe
 - f. Jesus is ook Priester oor die hele huis van God – Hoëpriester vlg Melgisedek (v21)
3. Laat ons ingaan met 'n opregte hart en volle geloofsekerheid (Heb 10:22)
 - a. Voorhof: opreg oortuig wees Jesus is effektiewe offer, skoon gewas in Sy bloed – dus geregverdig deur geloof (vgl Rom 3:22-26)
 - i. Harte besprinkel, liggame gewas (vgl Eks 29:21)
 - b. Heilige: wandel in lig, eet die brood, bid – groei dus in heiligmaking
4. Laat ons styf vashou aan die belydenis wat ons hoop (Heb 10:23)
 - a. Hoop = toegang tot Allerheiligste van ware tabernakel, hemel
 - b. Jesus het reeds ingegaan, maar ons nog nie
 - c. Seker hoop: Jesus is reeds 2000 jaar in hemel, ons skuil onder Sy bloed op versoendeksel
 - d. Wyk nie af van hoop nie – deurdan ons in lig wandel, brood eet, bid
 - e. Neem kennis van hoe getrou God is in vordering om hoop te laat realiseer
 - f. Bely hierdie hoop – sodat ander ook daarvan kan hoor
5. Laat ons ons daarop toelê om mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade (Heb 10:24-25)
 - a. Bewandel nuwe lewende weg saam met medegelowiges
 - b. Let op dade van medegelowiges en ook gesindheid in die dade (is dit in liefde?) (v25)
 - c. Ons moet ons daarop toelê om aan te spoor (v25)
 - d. Ons moet ook bereid wees om aangespoor te word deur ander medegelowiges
 - e. Neem deel aan samekomste van gemeente – formeel en informeel (v25)
 - i. Dit is waar ons in lig wandel, brood eet en bid
 - ii. Vanwaar lig en brood na wêreld geneem word
 - iii. Dit is waar ons medegelowiges aanspoor
 - f. Te meer soos wat dag van die Here (wederkoms) nader kom (vgl Mat 24-25, Luk 21)
6. Toepassings
 - a. As inhoud van die “Laat ons”-stellings nie van jou waar is nie, is jy nie op nuwe lewende weg nie (daar is net een weg)
 - b. As jy op nuwe lewende weg is – gebruik die genademiddele wat God gee